DEEL 117 | WEEK 33 | 15 Augustus 2025 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# PCO-Wet skud Landbou op – *Boere moet nou opleiding hê vir chemikalieë*




'n Nuwe regeringswet laat boere regop sit: sonder 'n Pest Control Operator (PCO)-lisensie mag sekere chemikalieë eenvoudig nie meer gekoop of gebruik word nie. Die wet, wat deel vorm van Wet 36 van 1947, sluit 'n wye reeks "beperkte landboumiddels" in – van sekere onkruiddoders tot swamdoders, insekdoders en selfs knaagdierdoders.

Om die lisensie te bekom, moet boere 'n geakkrediteerde PCO-kursus voltooi, 'n toets slaag en 'n mediese sertifikaat by hul dokter kry. Die nuwe reëls bepaal dat slegs geregistreerde PCO's, of persone wat direk onder hul toesig werk, toegang tot hierdie chemikalieë sal hê.

Die regering sê die verandering is noodsaaklik om te verhoed dat middels verkeerd hanteer of gemeng word, en om mense, diere, water en grond teen skade te beskerm. Baie boere voel egter dit is nog 'n las op 'n bedryf wat reeds onder groot druk staan. Hulle waarsku dat produsente wat nie betyds registreer nie, die risiko loop om tydens kritieke plant- en spuittye sonder toegang tot belangrike plaagbeheerprodukte te sit.

Opleidingsinstansies landwyd bied reeds die PCO-kursus aan, maar kenners sê die aanvraag is hoog en plekke vul vinnig op. Die raad aan boere is duidelik: begin nou, voor die nuwe wet jou oesplan in die wiele ry.









# DA demands intervention for waste removal crisis in Ngwathe

*Robert Ferendale –*
*DA Councillor Ngwathe Municipality*

The Democratic Alliance (DA) in Heilbron demands urgent intervention from the Premier's Office to resolve the waste removal crisis and hold Ngwathe Local Municipality officials accountable for neglect.

We remain concerned about Ngwathe's persistent failure to collect waste as scheduled.

For over six months, the municipality's waste collection truck has been out of service due to mechanical faults.

Although a private service provider has been contracted to supply a rental truck, this alternative has proven to be equally unreliable. The rented truck is rarely operational, collecting waste for one week, then standing idle for the next three.

There are areas in Heilbron where waste has not been collected for over a month. Black refuse bags are piling up across town, especially Heilbron Town, in Sandersville and Phiritona, as residents put their rubbish out on the scheduled collection days, only to be left with rotting waste.

This has led to unacceptable levels of filth and poses a serious public health hazard, with people and animals scavenging through the uncollected rubbish.

I have raised this matter repeatedly, but emails and formal complaints to municipal officials, including the Municipal Manager, continue to go unanswered. This level of disregard is unacceptable. Our community deserves better.


The service provider is being paid in full, but why is a broken truck not being replaced? Are we expected to pay for only one week of service while the truck is parked for the other three? This is apparent mismanagement.

The continued inaction by municipal leadership demonstrates a complete failure of oversight and accountability. Municipal employees continue to earn full salaries while basic services collapse around them. This crisis is not a staffing issue; it is a management issue.

We believe that the council is deliberately ignoring the concerns of opposition councillors.

The DA will not rest until this matter is resolved. The residents of Heilbron deserve a clean, functional town.

Where the DA governs, we ensure service delivery is prompt, reliable, and accountable. The people of Ngwathe deserve no less.



## Uit die Pen:

### Week 33

Sy is so mooi. Ons hoor sy is twee jaar oud. Welige krullerige hare. Sy huppel wanneer sy saam met jou stap. Deesdae sê sy baie mooi "dankie" vir haar kos.

Sy het die mooiste gesiggie. En oë wat tot binne-in jou siel kyk.

Wanneer ons by die huis kom, is dit asof sy dans. Gepraat van dans: ek het agtergekom dat sy van dans hou. Wanneer daar iets oor die radio speel, begin ek my vingers klap. Dan kom sy nader en dans saam terwyl sy jou om jou middellyf vashou.

Ja, ek praat van 'n hond. Nie sommer enige hond nie, sy het blykbaar papiere dat sy opreg is. Die eienaar moes haar van kant maak, en toe bied ons aan om haar aan te neem. Sy is 'n Golden Retriever. In Afrikaans: *Goue apporteerhond*. Haar naam is Dory.

Sy het teen die einde Junie by ons kom bly.

Ek sien dat haar vorige pappa haar Dorie genoem het, maar dit het te veel na die woord "gedoriewaar" geklink. Toe ek haar *chip* gaan verander het, het haar naam ook verander na "Dory." Die maatskappy waar haar *chip* vandaankom, het ook hulle huiswerk gedoen: eers die vorige eienaar gebel om te hoor of hy werklik die hond vir ons gegee het, wat ek nogal waardeer.

Die dag toe sy by ons afgelaai is, kompleet met bed en bakkie, het ek haar deur die huis geneem. "Kyk, Dory, hier is die kombuis. Kom ons stap verder. Hier is die gang en jy mag nie met vuil voete op die mat lê nie." Ek het haar verduidelik wat in elke kamer aangaan. Sy het aan alles gesnuffel en bekyk.

Die eienaar het gesê dat sy baie van swem hou. Gelukkig is dit winter, dink ek. Dis duidelik nie wat Dory gedink het nie.

Toe ons haar weer sien, is dit net oë en ore, die res van haar pels is papnat en teen haar lyf vasgedruk. Dis winter, Dory, wie swem in die winter?

Dory is 'n maatjie vir Pebbles. Pebbles is 'n Golden Retriever gekruis met 'n rifrug. Mooi rooibruin lang hare. Sy is seker so sewe jaar oud. Ons het haar gekry met die inperking. 'n Vriendin kon haar nie saamvat na waar sy en haar familie met die inperking gaan bly het nie, en toe bied ons aan om Pebbles en haar sussie, Amy, 'n liefdevolle wit labrador, te huisves.

"Dis net ses weke," het ons gedink. Dis nou al 5 jaar! Intussen moes Amy uitgesit word want sy het pankreaskanker gehad. En toe is Pebbles alleen vir so twee jaar. Ons het natuurlik die huis by Pebbles gehuur, want sy het geglo sy is baas.

Waar Pebbles salig binne-in haar boks middagslapies geneem het, hardloop Dory die hele wêreld vol. Sy hou veral van die volgende:

**1. Sand:** Om soos stout kinders op 'n hoop tuinsand te speel, is seker van die lekkerste lekkers. Jy ry die hoop totdat dit so plat soos 'n pannekoek is.

**2. Gate grawe:** hulle hou daarvan om gate te grawe waar daar nie tans gras groei nie, wat min of meer orals is, want dit is winter en die gras is dor. Hulle maak ook dan nuwe paadjies, want hulle stap nie in die bestaande paadjie nie.

**3. Potplanthouers:** Dit maak glad nie saak of dit vol grond is, of tans 'n plantjie in het, of leeg is nie. Die gekraak onder hulle tande spoor hulle net aan om meer en meer houers te verwoes. Gelukkig is dit plastiek, anders sou ons by Outsurance 'n polis moes uitneem vir die herstel van tande.

**4. Plastiektafeldoeke:** Sy het een al opgeëet. Ek weet glad nie of dit verteer is of nie. Ek het nie gekyk nie.

**5. Braaihout:** Dit is altyd lekker om eers deur die sak te kou en daarna die sak af te trek sodat dit die hele stoep vol lê. Dan word daar deur die stukke hout geknaag asof hulle rotte is.

**6. Matrassie in die hondebed:** Dit het gesorg vir groot pret. Maar nie vir ons nie. Toe ons die middag by die huis kom, lê die stopsels van die matras die hele stoep vol. Amper soos 'n lekker dik mat. Dis ook lekker om die stukke seil wat van die matras oorgebly het, swembad toe te vat.

**7. Botter:** Ja, botter. In winter los ons die botter buite die yskas. Diep teruggedruk op 'n rak. Die ander dag lê die botter op die vloer. Met tandemerke op. Net klein happies. En elke keer 'n perfekte afdruk van hondetande.

Ek verwys af en toe in die stoutigheid hier bo as "hulle", want ek is nie seker of Pebbles meedoen aan die bedrywighede nie. Dalk is Dory die ene wat die eksperiment begin, en Pebbles doen dan mee, omdat dit lekker lyk. Want Pebbles was nie gewoonlik stout nie. Sy het wel 'n paar redelike gate in die tuin gegrawe.

Ten spyte van al die bogenoemde, wens ek vandag dat elke mens iewers in sy of haar lewe 'n vriend soos 'n hond gehad het. Jy leer soveel van hulle, waarvan lojaliteit seker die belangrikste is.

Maak nie saak hoevéél jy geraas het oor die matrasopstopsels wat die hele stoep vol lê nie, is hulle nogsteeds lief vir jou. Die sterte waai en een sal op my voete kom lê, net om naby te wees.

Dory moet nog net leer *karry*. Sy is baie bang om weer ingelaai te word, want dis hoe sy twee maande gelede by ons uitgekom het: in 'n kar. Pebbles darenteen, ry saam wanneer sy die kans kry.

Dis so lekker om by die huis te kom en daar is twee opgewonde, dansende honde wat vir jou wag. Behalwe dat ons nou moet begroot vir hondekos, is dit alles die moeite werd.

# VL maan boere om paraat te wees ná vlaag aanvalle in Vrystaat

Johan Gunter van OFM het op Dinsdag, 13 Augustus, met Jakkals le Roux, voorsitter van Vrystaat Landbou (VL) se veiligheidskomitee, gesels oor die hernude vlaag van aanvalle op boere en die belangrikheid van paraatheid in landelike gebiede.

Volgens VL is daar oor die afgelope twee maande vyf voorvalle van misdaad teen boere aangemeld in Heilbron, Kestell, Smithfield, Tweeling en Warden. Dít ná 'n tydperk van relatiewe rustigheid – in Februarie, Maart, April en Mei is geen aanvalle op produsente in die Vrystaat aangemeld nie.

Op 12 Augustus is 'n boer in die vroeë oggendure op sy plaas naby Warden deur ses tot agt aanvallers oorval en aangerand. Sy voertuig is gesteel, maar later teruggevind.

"Gelukkig was daar geen sterftes in hierdie reeks aanvalle nie, maar ons moet ons veiligheid verskerp," het Le Roux gewaarsku weens die skielike toename.

Hy doen 'n beroep op boere om hul betrokkenheid by plaaslike veiligheidsplanne te versterk, veiligheidskontrolelyste na te gaan, en verdagte voertuie of persone onmiddellik aan veiligheidsverteenwoordigers of die polisie te rapporteer.

Om boerderygemeenskappe verder toe te rus, bied VL in samewerking met Landelike Gemeenskapsveiligheid (LGV) vanaf 20 Augustus tot 23 September veiligheidswerkswinkels en opleiding aan in al die distrikte.





RIEMLAND JAGTERSVERENIGING 2025 JAARPROGRAM

| | | |
|---|---|---|
| 16 AUGUSTUS, | 10:00 | .22, JAGGEWEER & HANDWAPEN SPORTSKIET |
| 13 SEPTEMBER, | 09:00 | JEUGSKIETDAG |
| 4 OKTOBER, | 09:00 | GROEPERING SKIET/ TROFEE MEET |
| 7 NOVEMBER, | 18:30 | JAARVERGADERING: RIEMLAND TAK |

Vir meer navrae skakel:
Hennie Fourie (Voorsitter): 082 775 1922

OK MiniMark OK Liquor

PETRUS STEYN

VAKATURE BESKIKBAAR

ASSISTENT - WINKELBESTUURDER

**Die suksesvolle kandidaat moet oor die volgende vaardighede beskik:**

- Rekenaarvaardigheid
- Ervaring van personeelbestuur
- Ervaring van Kleinhandel (Retail)
- Gemotiveerd en in staat om onafhanklik te kan funksioneer.

Aangename werksomstandighede en 'n mededingende salaris word aangebied.
**CV's kan gestuur word na:** admin7@okbultfontein.co.za

**Sluitingsdatum vir aansoeke:** 23 Augustus 2025






# Kop-stert en tussenin

Op Vrydag 8 Augustus het die Fynproewers weer bymekaar gekom vir hul kwartaallikse byeenkoms. Die tema was Kop-stert en tussenin. Ja, dit was so goed of jy was in die plek van die vleisvreters! Die tafels het behoorlik gekreun onder al die vleisgeregte. Skaapkop (smileys), beestong, varknek, rugstring, rib, hoenderlewertjies en beesstert met stampmielies het die bord mooi gevul. Vir kleur is 'n groentegereg en vars uitpakslaai saam bedien. Vir die soettande onder ons is die ete afgesluit met rhubarb nagereg met vla, melktert, meringue nagereg en souskluitjies.



Weereens 'n gesellige aand saam met vriende rondom heerlike kos. Die laaste byeenkoms vir 2025 sal in November plaasvind.



*Jeff Roos en Susan Bornman.*

# Heilbron Posduifklub Nuus

Op Sondag, 10 Augustus 2025, het die Heilbron Posduifklub weereens 'n suksesvolle duifresies vanaf Leeugamka gehad. Wedvlug een se duiwe is om 07:32 die oggend vrygelaat met mooi weer en 'n suid-weste wind wat waai. Die wenduif van Fly in Faith het onder Cilliers en van Vuuren deelgeneem en is om 16:06 in Heilbron aangemeld met 835km afgelê. Altesaam het 64 duiwe en 6 lede aan die wedvlug deelgeneem. Netto vlieg tyd van die duiwe in wedvlug een is 8 ure 34 minute en 52 sekondes.

**Die top-uitslae was soos volg:**

1. Cilliers en van Vuuren
2. Cilliers en van Vuuren
3. Zenith Lofts
4. Zenith Lofts
5. Zenith Lofts
6. OJS Hokke
7. Peet van Zyl
8. Cilliers en van Vuuren
9. OJS Hokke
10. OJS Hokke

Wedvlug twee se duiwe is om 08:02 vrygelaat en is die wenduif om 16:53 geklok met 'n netto vliegtyd van is 8 ure 51 minute en 26 sekondes.

1. OJS Hokke
2. OJS Hokke
3. OJS Hokke
4. Cilliers en van Vuuren
5. Cilliers en van Vuuren
6. OJS Hokke
7. Cilliers en van Vuuren
8. OJS Hokke
9. Zenith Lofts
10. OJS Hokke



*Op die foto Alma van der Merwe (Fly in Faith).*

## Hoërskool Heilbron se Landloop-sterre skitter in die Vrystaat

Die koue wind van Bloemfontein het nie Hoërskool Heilbron se landloop-atlete gestuit nie – inteendeel, hulle het die naweek tydens die Vrystaat Landloopkompetisie behoorlik gewys waartoe hulle in staat is. Met vasberadenheid, sweet en 'n klomp moed het die span puik prestasies behaal, en twee van hulle het deurgedring na die gesogte Suid-Afrikaanse kampioenskappe.

Die jongste ster van die dag was sonder twyfel Caydiano Nteo, beter bekend as "Kenny" by sy maats. Hy het die 1 km-afdeling vir seuns O/8 oorheers en 1ste geëindig uit 110 deelnemers – 'n prestasie wat hom as die beste in die Vrystaat in sy ouderdomsgroep kroon.

Die talentvolle Marizaan Swannepoel het ook haar stempel afgedruk in Bloemfontein deur te kwalifiseer vir SA's. Marizaan het 'n indrukwekkende 10de plek in die O/13-meisies 3 km behaal.

**Ander merkwaardige uitslae:**

**Seuns O/8 – 1 km:**
Zion – 44ste uit 110

**Seuns O/10 – 2 km:**
Jan-Carl Roux – 63ste uit 112
Darius Roos – 78ste uit 112

**Dogters O/10 – 2 km:**
Lienke – 63ste uit 84


**Seuns O/11 – 3 km:**
PJ Meiring – 79ste uit 103

**Seuns O/17 – 6 km:**
Franco Roos 39 uit 48

Hoërskool Heilbron is trots op hierdie atlete wat met soveel toewyding geoefen het. Hulle wys dat harde werk en deursettingsvermoë altyd beloon word – en nou wag die groot uitdaging van die Suid-Afrikaanse kampioenskappe.



*Marizaan Swannepoel*



*Caydiano Nteo "Kenny"*

Kontak ons vir al u skryfbehoeftebenodigdhede



Elsstraat 42,
Heilbron
Tel: 058 853 0006
Office National

# Hoërskool Heilbron se vloot kry nuwe baadjies

Hoërskool Heilbron se vervoerafdeling het onlangs 'n vars en moderne voorkoms gekry met nuwe "branding" vir hul voertuie.

Die skool spreek sy opregte dank uit aan mnr. Gert Naudé en Brendon Naudé van Pioneer vir die borg van die nuwe grafiese oortreksels vir twee van die mini-busse.

Die opgewondenheid in die skoolgemeenskap het verder toegeneem met die onlangse aankoop van 'n splinternuwe Coaster-bus. 'n Spesiale woord van dank gaan aan Wynand Nortjé van Bayer (Pty) Ltd vir die borg van die oortrek en "branding" van dié nuwe aanwins.

Met hierdie opknappings is Hoërskool Heilbron nou gereed om in styl en veiligheid die pad aan te durf.



*Op die foto vl: Gert Naudé (Pioneer), Danie Myburgh (Beheerliggaam), Mnr. Johnny Van Der Merwe (Skoolhoof, André Janse van Rensburg (Beheerliggaam - Voorsitter) en Brendon Naudé (Pioneer).*



*Op die foto vl: André Janse van Rensburg (Beheerliggaam - Voorsitter), Mnr. Johnny Van Der Merwe (Skoolhoof, Danie Myburgh (Beheerliggaam) en Wynand Nortjé (Bayer Pty Ltd).*


# Huppel Trippel speel die oggend om

Dit was 'n genoeglike oggend van speel....met enigiets van kinders se 'novelty slyme' tot ballonne rondslaan en 'n groot swembadbal deur 'n hoola hoop vir mekaar gooi tot boontjiesakkies met jou 'verkeerde' hand aangee en aanvat. 'n Paar dapperes het selfs hulle hand gewaag aan 'juggle' met gekleurde balletjies. Die saamkuier is ouder gewoonte afgesluit met koekies en tee. Oor twee weke, op 26 Augustus, is dit weer tyd vir NOOT VIR NOOT saam met Martie.

Kom kuier gerus saam!




Groot verskeidenheid notaboeke beskikbaar



Herald
Office National
Elsstraat 42, Heilbron
Tel: 058 853 0006








We are hiring?

TRUCK STOP HEILBRON

ICEBERG TRUCK STOP ON THE R57

**Coffee Shop Assistant** (Working Hours: 07:00 - 17:00)

- Someone with a love for coffee and people
- Friendly, punctual, bilingual and professional
- Able to work under pressure during rush hours
- Willing to learn and support the Iceberg team
- Able to maintain cleanliness and great customer service
- Prior café or food service and experience is a bonus (but not required)

Duties will include serving customers, attending to the register, serving "prepacked" meals, a selection of crafted beers and wine and general cleaning.
The coffee station however is self service to customers and this area will also serve as the waiting area for our Iceberg Car Wash Center Customers.

**General Cleaner** (Working Hours: 07:00 - 17:00)

- Servicing general areas and restrooms
- Experience in cleaning is a plus, but not required
- You must be punctual, motivated, and ready to work
- Friendly, bilingual and professional
- Able to work under pressure during rush hours
- Willing to learn and support the Iceberg team
- Able to maintain cleanliness and great customer service

**Car Wash Assistants (2 men & 1 women)**
(Working Hours: 07:00 - 17:00)

- Exterior and interior car cleaning
- Experience in car cleaning is a plus, but not required
- You must be punctual, motivated, and ready to work
- Friendly, punctual, bilingual and professional
- Able to work under pressure during rush hours
- Willing to learn and support the Iceberg team
- Able to maintain cleanliness and great customer service

**You can physically deliver your CV at Truck Stop Heilbron or mail your CV to manager@icebergts.co.za**

# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

Augustus is Vrouemaand – ’n tyd waarin ons die rol, bydrae en krag van vroue vier. Dit is ook ’n maand wat ons herinner dat bemagtiging nie uitsluitlik in groot projekte en formele geleenthede geleë is nie, maar dikwels in die alledaagse, eenvoudige dade wat ’n blywende impak het.

Klein gebare dra groot waarde. ’n Eenvoudige opmerking soos: “Ek waardeer jou geduld” aan ’n kassier, kan ’n mens se dag verander. Hierdie oomblikke van erkenning bou ’n kultuur van respek en waardering in ons gemeenskappe.

Selfontwikkeling is nog ’n belangrike komponent van bemagtiging. Die aanleer van ’n nuwe vaardigheid – al is dit net ’n resep, stokperdjie of tegniek – versterk selfvertroue en herinner ons dat groei op enige ouderdom moontlik is.

Verbinding met ander is ewe noodsaaklik. ’n Kort oproep aan ’n vriend of familielid om opreg te hoor hoe dit gaan, dra nie net tot hul emosionele welstand by nie, maar versterk ook sosiale ondersteuning – ’n kernpilaar van geestesgesondheid.

Laastens moet ons nie die waarde van selferkenning onderskat nie. Om klein suksesse te vier, of dit nou die voltooiing van ’n taak of die bereiking van ’n persoonlike doelwit is, bevorder ’n positiewe ingesteldheid en motiveer ons om aan te hou streef.

Augustus herinner ons daaraan dat bemagtiging ’n deurlopende proses is. As ons hierdie klein, doelbewuste dade daagliks toepas, kan ons die gees van Vrouemaand verder as die kalendermaand dra en ’n volhoubare kultuur van ondersteuning en groei bevorder.

ENGO het op 9 Augustus hul nuwe 2026-dagboeke bekendgestel tydens die gewilde Franse Mark. Die dagboeke is prakties, stylvol en spesiaal ontwerp om die uniekheid van vrouwees te vier. Of jy ’n besigheidsvrou is wat vergaderings moet beplan, of ’n ma wat kinders se skool- en sportroosters balanseer, hierdie gebruikersvriendelike dagboek is jou perfekte metgesel vir die jaar.

Die ENGO 2026-dagboeke is nou landswyd beskikbaar aanlyn by www.engo.co.za




# KENNISGEWINGS

FORM JJJ

**LOST OR DESTROYED DEED**

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of **Transfer T14823/1980** passed by **ANNA CHRISTINA DEACON** in favour of **ANNA ELIZABETH STRAUSS** in respect of certain PORTION 1 OF THE FRARM WEIMAR 1178, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE, in extent 374,0064 (THREE HUNDRED AND SEVENTY FOUR COMMA ZERO ZERO SIX TWO) Hectares, HELD BY Deed of Transfer Number T14823/1980, and VA2331/2023 which has been lost or destroyed.

All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.

Dated at Roodepoort this 11 Day of August 2025.

**MOSTERTS INC**
**ATTORNEYS**
**P.O. BOX 999, BERGBRON, 1712**
**550 ONTDEKKERS ROAD**
**FLORIDA, ROODEPOORT**

**BESIGHEIDSURE**
**Maandae - Vrydae:**
**08:00 - 16:30**
**Saterdae: 09:00 - 12:00**
**Elsstraat 42, Heilbron**
**Tel: 058 853 0006**
POSTNET HEILBRON

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

Neem asb. kennis dat die Heilbron Herald se fabriek die 12de Desember 2025 sluit en DV die 7de Januarie 2026 open.
Die winkel sluit die 18de Desember 2025 en open die 5de Januarie 2026.
Bestel asb. vroegtydig u drukwerk en skryfbehoeftes om teleurstelling te voorkom.
Herald
**Elsstraat 44 • Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**
Office National




# KENNISGEWINGS - KENNISGEWINGS

**VERLORE TITELAKTE**

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68(1) van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van ‘n gesertifiseerde afskrif van **Transportakte T8743/2013** Geregistreer deur HANNELIE DE VILLIERS – ID nommer: 640804 0013 08 7 ten gunste van JOSEPH DE BEER – ID nommer: 640903 5108 08 0 ten aansien van: DIE RESTANT VAN DIE PLAAS TEVREDE 560, DISTRIK REITZ, PROVINSIE VRYSTAAT wat verlore geraak het.

Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

Gedateer te Frankfort op hierdie 13e dag van Augustus 2025.

**AANSOEKER:**
**CORNE BOSHOFF PROKUREURS**
**KERKSTRAAT 12,**
**POSBUS 595, FRANKFORT**
**TEL: 058-813 1068**
**E-POS: annelize@clblaw.co.za**
**VERW.: AvdB/AD098**

**KENNISGEWING**

In die boedel van wyle **ADRIAAN IZAK RADEMAN DU PLOOY,** Identiteitsnommer 660118 5010 08 8, Getroud buite gemeenskap van goed, woonagtig was te Plaas Soetmelkvlei, Heilbron, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 02 November 2024, **boedelnommer 009007/2024.**

Krediteure in genoemde boedel word hiermee aangesê om binne ‘n tydperk van 30(dertig) dae hul eise teen die boedel in te stel en debiteure word versoek om hul skulde binne genoemde tyd te betaal.

**JG Potgieter & Vennote Ingelyf**
**Breëstraat 33**
**Posbus 199, Heilbron, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

WINKELURE
**Heilbron Herald**
**Maandae tot Donderdae:** 07:30 - 17:00
**Vrydae:** 07:30 - 16:30
**Saterdae:** 08:30 - 13:00
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald
Office National

# KENNISGEWINGS • KENNISGEWINGS

## AUCTION

The High Court of South Africa Free State Division, Bloemfontein
**CASE NO. 999/2020**
In the matter between:
**OOS VRYSTAAT KAAP OPERATIONS LTD** Plaintiff
and
**ANDRIES JOZEPHUS SCHEEPERS** First Defendant
(Identity number: 960806 5437 080)
**AMELIA SCHEEPERS N.O.** Second Defendant
(in her capacity as trustee of
**DRINUS TRUST: IT1359/2000)**
**WILLEM MARTHINUS SCHEEPERS N.O.** Third Defendant
(in his capacity as trustee of
**DRINUS TRUST: IT1359/2000)**

In execution of a judgment of the High Court of South Africa (Free State Division, Bloemfontein) in the abovementioned suit, a sale with reserve will be held at 11:00 am on 5 SEPTEMBER 2025 at the offices of the SHERIFF REITZ at 22 DE WET STREET, REITZ of the undermentioned property held by DRINUS TRUST, IT1359/2000 on the conditions to be read out by the auctioneer at the time of the sale and which conditions may be inspected at the SHERIFF REITZ at 22 DE WET STREET, REITZ:
**Certain:** Farm Beyers 676, District Reitz, Free State Province
**In Extent:** 171,3064
(One Hundred and Seventy-one Comma Three Zero Six Four) Hectares
**Held by:** Deed of Transfer T14386/2003
HELD by DRINUS TRUST, IT1359/2000 situated at FARM BEYERS, REITZ, FREE STATE PROVINCE
**The property is zoned**: Agricultural.
The following information is furnished inre the improvements, though in this respect nothing is guaranteed:
Two 4 Bedroom Houses with Two Bathrooms, Dining Area, Lounge, Kitchen and Scullery; Double Garage; Carports, Thatched Roof Apartment, Outside Buildings, +/- 350 Square meter store with stone and zinc
+/- 300 Square meter multi-purpose open store, Livestock Handling Facilities
3 * Cement and Zinc dams, Ground dam, +/- 94 Hectares Sand and Loamy lands
+/- 75 Hectares Gracing lands.
**TERMS:** Ten per cent of the purchase price in cash on the day of the sale, the balance against transfer to be secured by a bank or building society or other acceptable guarantee to be furnished to the Sheriff within 21 days from the date of sale. According to the Plaintiff's records DRINUS TRUST, IT1359/2000 is registered as a VAT Vendor. The Plaintiff does however not guarantee this. Should the property be bought by the first bondholder, the cash payment of 10% need not be made. Should the purchaser receive possession of the property, the purchaser shall be liable for occupational rental at the rate of 1% of the purchase price per month. Pro-rata occupational rental shall be payable by the purchaser on the date of possession and thereafter monthly on or before the 1st of each month until date of registration of transfer.
The sale in execution is conducted in accordance to the Consumer Protection Act 68 of 2008 as Amended, in pursuant of an order granted against the defendants for money owing to the Plaintiff.
The conditions of sale will lie open for inspection during business hours at the offices of the SHERIFF OF THE HIGH COURT REITZ at 22 DE WET STREET, REITZ or at the execution plaintiff's attorneys.
**TAKE FURTHER NOTICE THAT:**
This is a sale in execution pursuant to a judgment obtained in the above Court, Rules of this auction is available 24 hours foregoing the sale at the office of the Sheriff, Registration as a buyer, subject to obtain conditions is required i.e.
1. Directions of the CONSUMER PROTECTION ACT 68 OF 2008 as Amended, (URL http: / / www.info.gov.za/ view/DownloadFileAction?id=99961
2. Fica-legislation i.r.o. identity & address particulars,
3. Payment of registration monies
4. Registration conditions.
The office of the Sheriff REITZ will conduct the sale with auctioneer WF MINNIE, or his deputy.
Advertising costs at current publication tariffs & sale costs according court rules will apply.
SHERIFF OF THE HIGH COURT for the district of REITZ.
**ADVERTISER: ATTORNEY FOR PLAINTIFF**
**M VOLSCHENK**
**PHATSHOANE HENNEY ATTORNEYS**
**35 MARKGRAAFF STREET, WESTDENE, BLOEMFONTEIN**
**REF: MV/246615**

## VERLORE TITELAKTE

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van Registrasie Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **Transportakte Nommer T12369/1989** geregistreer in die naam van JACOBUS NICOLAAS MOOLMAN, THEUNIS CHRISTOFFEL MOOLMAN, CHRISTIAAN HENDRIK JACOBUS MOOLMAN, THEA-ADELE SMITH EN MONYA MICHALLE SMITH, ten aansien van ERF 144 PETRUS STEYN, DISTRIK LINDLEY, PROVINSIE VRYSTAAT, wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Bloemfontein op hede die 8ste dag van Augustus 2025.
**AANSOEKER: WESSELS & SMITH**
**FJ KAPP/rs/E05365**
**YORKWEG1A, WAVERLEY, BLOEMFONTEIN, 9301**
**E-POS: bloemwess@internext.co.za | KONTAKNOMMER: 051-4361209**

# TE HUUR

**WEIDING TE HUUR:** (R1000/Ha/Jaar plus BTW = Jaar 1) **LANDE TE HUUR:** (R1500/ Ha/Jaar plus BTW = Jaar 1). Binne 50Km radius vanaf/rondom Heilbron. 3 Jaar TERMYN. ESKALASIE 6%. HUUR vooruitbetaalbaar JAARLIKS. 1ste Jaar se HUUR betaalbaar voor/ op Vr.12/09/2025. 307Ha en 176Ha WEIDING nog beskikbaar. 119Ha en 141Ha LANDE ook nog beskikbaar. Alle LANDE Hektare chemies reggestel tov Kalk (pH), N, P en K. Alle WEIDING Hektare in voldoende KAMPE verdeel MET meer as voldoende WATER in AL die KAMPE. Dui ASB belangstelling aan per WhatsApp (0603976380) of Epos (agenbagsalltrade@gmail.com) teen laatste Vr. 29/08/2025. Kontraktering tussen VERHUURDER en HUURDERS sal geskied tussen Ma. 01/09/2025 en Vrydag 05/09/2025. HUURDERS verkry WEIDING / LANDE na BETALING (12/09/2025) en VANAF Vrydag 26/09/2025 (14 Dae LATER). Jaar 1 = 26/09/2025 tot 31/08/2026. Jaar 2 = 01/09/2026 tot 31/08/2027. Jaar 3 = 01/09/2027 tot 31/08/2028. TELPOORT BOERDERY PTY LTD (Riaan Agenbag)

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller 081 849 1877**




Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald Kontak gerus die Heilbron Herald by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za

**DUPNO Trading**
**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

# SMALLS

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal.
1.2m bale (tou/net).
Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING
082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans 072 018 3685 Heilbron**

**BESIGHEIDSURE**
**Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30**
**Saterdae: 09:00 -12:00**
Elsstraat 42, Heilbron | Tel: 058 853 0006
**POSTNET HEILBRON**

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

# HERALD Sport


WINKELURE
Maandae tot Donderdae:
07:30 - 17:00
Vrydae: 07:30 - 16:30
Saterdae: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National


## Warm gholf tydens HBA-maandbeker



Thulani Malgas (links) het die HBA-maandbeker by Heilbron Gholfklub gewen met 'n indrukwekkende netto telling van 67. Die topdrie spelers het almal onder 70 netto houe afgesluit – Willem Loots was tweede met 68 en Simon Maloka derde met 69. Ruben Tau (regs) het die prys namens Maloka ontvang.

## Kransfontein Resiesduif Klub

Op Saterdag 9 Augustus 2025 het Kransfontein Resiesduif klub vanaf Richmond gevlieg. Die duiwe is om 07:20 gelos en die wen duif is om 15:11 geklok op Reitz. Die afstand wat die wen duif gevlieg het was 589 kilometers. 8 Lede en 243 duiwe het deelgeneem.

1. Spartan Pigeons 3
2. Morgenzon Lofts A
3. Morgenzon Lofts B
4. Heine Hokke
5. Inkwe Loft
6. Inkwe Loft
7. Morgenzon Lofts A
8. Morgenzon Lofts A
9. Morgenzon Lofts A
10. Morgenzon Lofts A

Volgende Saterdag vlieg die duiwe vanaf Drie Susters. Die afgelope paar weke domineer Morgenzon Lofts die top tien plekke.



*Op die foto is Willem Muller van Spartan Pigeons 3 met die wenduif 3329.*


DELIVERY & COLLECTION
between Heilbron and Vaal Triangle
Monday, Wednesday and Friday
heilbron@postnet.co.za | 058 853 0006 | 064 988 6078
R100 per parcel
POSTNET HEILBRON
Between Meyerton and Heilbron @ R150 per parcel



BOERE BANDE
Our quality is our pride!
24/7 SERVICES
BALANCING & WHEEL ALIGNMENT
AUTO, TRUCK & TRACTOR TYRES
FIELD SERVICES
FIT & REPAIR
BATTERIES
Heilbron, Langmarkstr. 22
058 853 0550 | After Hours: 082 552 9261
Frankfort, Barett str. 16
079 209 0750
After Hours: 079 180 4337
Villiers, Arbeider str. 1
066 422 1866
After Hours: 066 422 1866



BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 18 AUGUSTUS 2025
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

DINSDAG - 19 AUGUSTUS 2025
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Nico Jacobs 082 892 4036
DEVON 2-Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
DANIËLSRUS: WISP WILL REDS & ZARISSA SIMBRAS
11:00, Veilingskrale
Kontak Douw van Wyk 083 458 7353
HENDRINA: ASTRO ANGUS PRODUKSIE VEILING
11:00, plaas Driefontein
Kontak Chris Bezuidenhout 079 065 1283

WOENSDAG - 20 AUGUSTUS 2025
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835
SCHWEIZER-RENEKE: AMBER MOUNTAIN BK STAAK BOERDERY
11:00, plaas Houtvolop
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
WOLMARANSSTAD: NASIONALE SAVM RAMVEILING
11:00, Bona-Bona Game Reserve
Kontak Theuns Barnard 082 374 2656

DONDERDAG - 21 AUGUSTUS 2025
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
HARRISMITH: OPTIMUM BOVELDER
11:00, Eeram veilingskrale
Kontak Marlienie Theunissen 076 420 4115
VREDE: SUIDELIKE HoËVELD DRAKENSBERGER KLUB
11:00, veilingskrale
Kontak Carel Davel 082 331 1811

VRYDAG - 22 AUGUSTUS 2025
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
VENTERSBURG: AVELING BONSMARAS PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas Welkomspruit
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za